Vooraf sang:
Lied 525:1,3
Lied 184: 1,3,4

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 105 – 1: 2
Votum
Seën
Lofpsalm Ps. 107 – 1: 1,4,18
Geloofsbelydenis
Sing Ps. 9 – 2: 1,6.

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Deut 5: 1 – 22
Sing Ps. 65 – 2: 1,5
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing Johannes 9: 35 – 10 : 15
Teks: Johannes 10: 10
Sing Ps. 145 – 1: 5,6
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB (Syferfontein)
Sing Ps. 23 – 1: 1,3
Seën: 1 Pet 2: 1
Amen Sb 13 – 3.

Tema: Kom ons leef die ware lewe en oorvloed in Christus.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Wie dink dat die jaar 2012 die beste jaar ooit in jou lewe gaan wees? Wie van ons glo dat jy in hierdie jaar net die beste van die Here gaan ontvang en dat jy ’n lewe van oorvloed gaan geniet?

Nog belangriker is die vraag: wie sien vandag as ’n dag van wonderlike lewe uit die hand van die Here en ’n dag van oorvloed? ’n Dag om te geniet omdat ons in Christus glo?

Brs en srs, as ons eerlik wil wees dan is daar bitter min van ons wat dit so sien. Ons is eerder geneig om die slegte te verwag en die slegte raak te sien. Ons is so intens bewus van wat ons nie het nie, van negatiewe dinge wat met ons gebeur en van stryd en worsteling. Ons fokus so op sonde en die vernietigende uitwerking daarvan op ons en die wêreld dat ons nie meer die goeie raaksien en daaruit lewe nie.

Ons is ongelukkig omdat ons nie die lewe wat Christus vir ons gee **werklik verstaan en uitleef nie.** Die ware lewe en oorvloed van die lewe gaan by ons verby omdat ons dit op ander plekke soek en toelaat dat dit van ons gesteel word.

Daarom wil ons Hemelse Vader ons vanmore weer opnuut wys op die bron van die ware lewe en oorvloed wat Hy vir ons gee – naamlik Christus Jesus, ons Here. Daarom is die tema van die boodskap vanmore:
God gee vir ons in Christus die ware lewe en oorvloed – kom ons leef hierdie lewe!

Die eerste vraag wat by ’n mens opkom is: hoe is daar so ’n gebrek aan die ware lewe en oorvloed by gelowiges? Hoekom leef ons nie hierdie lewe wat ons in Christus het nie?

Een antwoord op hierdie vraag is die feit dat ons ’n verkeerde siening of persepsie het van wat die ware lewe en oorvloed is. Ons dink dit lê in aardse rykdom en oorvloed van besittings! Ons glo dat wanneer ons oorvloed van geld en besittings het, dan sal ons gelukkig wees. En daarom werk ons ook baie hard sodat ons dit kan bekom of ons droom drome van rykdom wat ons op een of ander manier sal bekom en dan sal ons gelukkig wees en ’n lewe van oorvloed kan geniet. Die tragiese verhaal van Jesus en die ryk jongman bewys egter die teendeel.

Dit kan ook wees dat ons die Bybel eensydig lees en verstaan. Dat ons dink die ware lewe en oorvloed is <u>eers iets wat ons in die lewe hierna gaan geniet</u>. Ons dink dat hierdie aardse lewe wat ons nou leef bedoel is as <u>’n lewe van teenspoed, ongeluk en ongelukkigheid.</u> Dan lees ons dit selfs in die Bybel op ’n verkeerde manier raak. Dan lees ons die boek **Prediker e**n sê: Ja kyk: alles is regtig tevergeefs – op hierdie aarde sal ons nooit gelukkig wees nie! Terwyl die Prediker bedoel: sonder God is alles tevergeefs!

Of ons **lees Ps. 90: 10** waar daar staan dat ons lewensduur hier op aarde maar 70 jaar of as ons sterk is 80 jaar is en skryf die psalmdigter ”die meeste daarvan is vol swaarkry en leed”. En dan sê ons: ja, dis nou maar eenmaal ons lot!

Intussen lees ons die gedeeltes in die Bybel mis waar God aan sy kinders hier en nou ’n lewe van oorvloed beloof – Soos in ons teksvers waar Christus sê dat Hy, as die goeie Herder, gekom het sodat ons die ware lewe en oorvloed kan hê! Gelowiges kry in Christus die ware lewe en oorvloed! Dit is wat ons as gelowiges op moet fokus en dit is wat ons moet uitleef!

Brs en srs, hierdie ware lewe en oorvloed kry jy by Christus. Hy beskryf Homself in hierdie gedeelte as die goeie Herder wat vir sy kudde – sy kinders – sorg en vir hulle net die beste weiding gee. Mense kan dit nie vir jou gee nie, geld kan dit nie vir jou gee nie, net Christus Jesus, die goeie Herder kan dit vir jou gee.

Wat gee Hy? Eerstens die ware lewe! Hy gee dit vir jou deur sy lewe vir jou af te lê! **Hy het gesterf en so vir ons sonde en straf betaal. So het Hy vir jou die ware lewe by God verwerf.** Brs en srs hierdie lewe wat ons in Christus kry is so ryk dat ek dit nie in enkele sinne kan beskryf nie. In kort beteken dit ons het nou **vrede met God.** God wil ons nou nie meer straf nie. God wil ons nou nie meer die slegte van die lewe laat ondervind nie, God wil nie dat ons nou meer swaar kry nie, nee, God het ons lief en Christus het daardie liefde vir ons ’n werklikheid gemaak deur sy lewe vir ons af te lê.

Nou kry ek vergifnis vir al my sonde en oortredinge! Ek word skoongewas en nuut gemaak deur Christus en sy Gees. Rom. 5: 17 beskryf dit so: “deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer.” Die dood regeer nie meer ons lewe nie – maar die lewe!

Daarom is daar ook ‘n lewe na hierdie lewe! Die ware lewe is vir ewig! Ons lewe het nie net tydelike waarde nie – dit het ewigheidswaarde en die belofte van God is dat ons nog meer sal ontvang in die lewe hierna! Daarna kan ons uitsien!

Die ware lewe beteken ook dat ek in vrede met myself kan leef! Weet u watter groot voorreg dit is? Om vrede met jouself te hê. Met wie jy is en wat die betekenis van jou lewe is! Dat jy deel is van die kudde van die Here en dat Hy jou gebruik! Dat jou lewe en jou lewensroeping deel is van God se plan met hierdie wêreld en dat jy dit help uitvoer!

Meer nog – ek kan in vrede met my medemens lewe! Ek kan verhoudinge hê – liefde gee en liefde ontvang! Die wonderlike vreugde van ’n huwelik, van ’n gesinslewe, van vriende, van ’n geloofsgemeenskap waar liefde heers en nie haat, afguns en jaloesie nie! Ek kan die vrug van die Gees ervaar soos **Paulus dit in Gal. 5 beskrywe: liefde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing**”.

Brs en srs – dit is die lewe wat die goeie Herder vir ons gee!

Die goeie Herder gee tweedens ook oorvloed! Wat beteken ŉ lewe van oorvloed!
Die Griekse woord wat hier vir oorvloed gebruik word beteken: **ons kry spesiale voordeel, ons lewe is buitegewoon, dit is oorvloedig, dit is die beste, die hoogste en die meeste!** Die beelde op die TV die afgelope week van die oorstromings in die Wildtuin het hierdie woord vir my ryker geteken: Christus se sorg is soos daardie geweldige stroom water in die Krokodilrivier – dit stroom, sterk, onkeerbaar, oorvloedig. Ek dit nie alles opvang en gebruik nie – so mildelik sorg God! **Hy sorg so dat ek nie hoef te bekommer nie! En dit is oorvloed – wanneer ek vry is van bekommernis en die lewe kan geniet!**

Psalm 23 beskryf dit so mooi: "my beker vloei van wyn, ŉ bron van goedheid stroom vir my gedurig.." God se sorg in Christus – oorvloedig!!

Ja, geliefdes, 'n lewe van oorvloed beteken: God sorg! Christus laat sy skape in en uit gaan uit die kraal en Hy gee vir hulle net die beste weiding! **Oorvloed beteken nie rykdom nie, dit beteken nie voorspoed nie, dit beteken God sorg vir my op die beste manier.** God se sorg is spesiaal net vir my! Dit is nie sommer gewoon nie – dit is buitengewoon – op besondere maniere! Dis die beste, die hoogste, die meeste!

God se sorg beteken daarom ook dat wanneer daar teëspoed kom, beproewing, hartseer, pyn en ellende dat Hy dan ook sorg! Ons lees in 2 Korintiërs 1: 5 "want net soos daar vir ons ŉ oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons ŉ oorvloed van bemoediging deur Christus." **Hoor julle? ŉ Oorvloed van bemoediging in Christus!** Dit is wat die goeie Herder ons gee! Ps. 23: "al moet ek ook deur ŉ dal van doodskaduwee gaan, nogtans is U my troos en my verkwikking"!

Br en sr, jy kan dalk nou vir my vra: maar hoekom sien ek nie hierdie lewe of hierdie oorvloed in my lewe nie?

Ons het reeds aan die begin gesê dat is omdat ons ŉ verkeerde persepsie het van wat die ware lewe en oorvloed in Christus is en dat ons dit op verkeerde maniere gaan soek.
Die Here Jesus waarsku ons egter in ons teks dat daar ook diewe is wat ons oorvloed wil steel! Kyk net hoe geweldig intensief is die aanslag van hierdie diewe in vers 10: Jesus sê hulle "steel, slag en verwoes"! Dit word al hoe erger!

Mense kan ons oorvloed steel! Jesus verwys hier na die Fariseërs en Skrifgeleerdes wat die man wat Jesus van sy blindheid genees het, uit die kerk geban het omdat Hy in Christus glo! Hulle dink hulle kan hom uit die kerk gooi! **Maar Christus die ware deur! Jy kan alleen deur Hom in die kerk kom!** Hy is die deur en jy kan op geen ander manier inkom as deur geloof in Christus nie! Wanneer ons dus ons hulp en heil by mense soek – dan steel hulle ons oorvloed – want hulle kan dit nie gee nie.

Die mense van die wêreld steel ons oorvloed wat hulle neem ons saam op die pad van selfsug en materialisme! Ons is dikwels meer bang vir die werkgewer as vir God en laat ons vasvang in ’n lewe van werk en gejaag wat ons ons oorvloed beroof!

Die duiwel wil ons ware lewe en oorvloed van ons beroof! Jesus verwys in vers 12 na die wolf wat kom om die kudde te verskeur! Die duiwel wat ons vasvang met ons sonde en solank ek onbekeerd in sonde leef kan ek nie die lewe en oorvloed in Christus ten volle ervaar nie! Daarom moet ons met ons sonde breek!

Die duiwel wil ons met beproewing en versoekinge vasbind in ’n wêreld sonder hoop en vreugde en ons mag dit nie toelaat nie! Hy wil ons **roeping en ons tyd** steel sodat ons die vreugde van diens aan God nie kan beleef nie!

Brs en srs en liewe kinders, so laat ons toe dat mense, die wêreld en die duiwel ons oorvloed steel en ons staan met leë hande!
Daarom roep die Here Jesus ook weer vanmore: Ek is die goeie Herder, wie deur My in die koninkryk ingaan ontvang die ware lewe en oorvloed!

Geliefdes, kom ons luister dan na die stem van ons Herder en ons volg Hom na die groen weivelde van sorg en rus! Hy het ons reeds hierdie lewe geskenk in die geloof – ons moet dit voluit leef en geniet! Moenie toelaat die mense, die wêreld of die duiwel jou van jou oorvloed in Christus beroof nie!

Kom ons wees gerus in die goeie Herder se sorg want dan word dit oorvloed – of Hy vir my min gee of baie.

Kyk weer vanmore na Christus en sien ’n stroom van goedheid wat vir jou stroom, mildelik en oorvloedig. Ontvang dit met vreugde uit sy hand en dan kan ek en jy sê: 2012 gaan die beste jaar ooit wees! Dan kan ons sê: Vandag is ’n wonderlike dag om te lewe en die oorvloed van sorg uit God se hand te geniet!

Amen